*Dinsdag* **23 September**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-4**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1-2a (AFR83/2020)**

**Christus is die klimaks van God se openbaring**

Sonder enige aanduiding van wie die skrywer of geadresseerdes is, begin die boek Hebreërs met ’n baie treffende geloofsfeit: God het gepraat. Vers 1: *“In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete.”*

In die Ou-Testamentiese tydperk het God Homself dikwels geopenbaar. Dit het Hy op verskeie maniere gedoen deur sy profete. Die Skepper van hemel en aarde, wat alle dinge onderhou en daaroor regeer, het gepraat.

Maar dan gaan die Hebreërskrywer verder: God het nie net in ’n Ou-Testamentiese tydperk gepraat nie. God het aangehou om te praat. Vers 2a: *“… maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.”*

God het Homself nog verder geopenbaar in die Nuwe-Testamentiese tyd. Dit het Hy op een manier gedoen, en dit is deur sy Seun. En wie is hierdie Seun dat hierdie openbaring so spesiaal sou wees? Hebreërs 1:2b-4 beskryf Hom op sewe maniere:

1. Hy is die erfgenaam van alle dinge.
2. Hy is die Een deur Wie God die wêreld geskep het.
3. Hy is die presiese verteenwoordiging van God se wese.
4. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand.
5. Hy het die reiniging van ons sondes bewerkstellig.
6. Hy sit aan die regterhand van God.
7. Hy het ’n voortrefliker naam as die engele.

Wie is hierdie Seun met ander woorde? Hy is Erfgenaam, Skepper, Verteenwoordiger, Onderhouer, Hoëpriester, Koning, Verheerlikte. Hy is die Seun van God! Wie beter om God se finale openbaring te gee? Christus is die klimaks van God se openbaring.

Mag ons dit altyd besef, en leef volgens dit wat God in sy Seun aan ons openbaar.

*Sing: Psalm 119-1:7, 26*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*